

GETUIENIS VAN DIE TRIOMF VAN LIG OOR DUISTERNIS IN IRAN

Op 21 Desember vergader Iranese families en vriende vir die tradisionele Yalda feesviering. Die winter sonstilstand en die oorwinning van lig oor duisternis word gevier. Iranese Christene se getuigenis hierdie ongewone jaar is veral die herhaaldelike oorwinning van die Lig van Christus oor die duisternis van lyding.

Die nag van Yalda is onafskeidbaar deel van die Persiese kultuur en verteenwoordig dikwels moeilike tye, soos ook verwoord in die Persiese digkuns. Net soos Yalda was die afgelope jaar lank en donker vir baie Iranese.

Ten spyte van al die probleme hierdie jaar, getuig die Christene in Iran van hoop in Jesus Christus, die Lig vir die wêreld, wat ons deur die duisternis van pyn begelei het.

“Die afgelope jaar kon ek slegs maar staande bly deur Ps 91, in volle geloofsvertroue en met trane, vir my familie en die mense van Iran te bid. Dankie dat julle vir ons bid – ek word deur julle gebede versterk.”

Aangesien Yalda kort voor Kersfees gevier word, het die vroeë Christene in Iran hierdie viering gebruik om die oorwinning van lig oor duisternis te vier. Daarmee het hulle die geboorte van Jesus Christus gevier; die woord “Yalda” beteken dan ook in werklikheid ‘geboorte’. Tradisioneel kom families en vriende byeen om saam te vier, maar hierdie jaar het inperkings enige byeenkomste van Yalda en Kersfees beperk en verhinder. Maar Christene in Iran is gewoon aan isolasie en beperkings wat hulle geloof betref, nietemin het hulle vaste hoop in Jesus Christus en in Sy oorwinning oor die duisternis.

- **Tydens Kerstyd ervaar baie Christene in Iran toenemende vervolging, en die risiko dat huiskerke deursoek word, met gepaardgaande arrestasies, verhoog drasties. Bid asb dat hulle geloof en hoop in God staande sal bly, dat hulle geloofsgemeenskap ervaar, en God hulle van die duisternis beskerm.**
- **Bid ook vir Armeense en Assiriese Christene in Iran. Bid dat hulle tot seën vir almal om hulle sal wees.**



Gebeds † Nuus



Desember 2020

MAAK HOOP SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

SAT-7 TÜRK KYKERS FOKUS OPNUUT OP CHRISTUS

“Niks verhinder ons om Kersfees te vier nie, want daar is vreugde in ons harte,” getuig ’n SAT-7 TÜRK kyker terwyl inperkings in Turkye kerkbyeenkomste verbied. SAT-7 TÜRK het met spesiale Kersprogramme kykers die geleentheid gegee om Kersfees te vier.

“Hoewel ons nie kerk toe kon gaan of buite fees vier nie, het niks ons verhinder om deel te hê aan die feesviering in die hemel nie,” vertel ’n kyker op die SAT-7 TÜRK program, *Wêreldbeskouing*.

Gulsum, die kanaal se Adjunk Uitvoerende Direkteur, verduidelik dat baie kykers met vaste geloof kragtig getuig. “Hierdie Kersfees het ons ervaar dat mense hoop en die blydschap van Christus se geboorte op ’n baie spesiale manier beleef. Die pandemie het sy tol geëis in Turkye. Baie mense het dierbares verloor en die toekoms bly onseker. Maar Kersfees voel soos ’n lig in die tonnel en mense vier fees.”

“Ons het elke geleentheid om te vier aangegryp,” vertel ’n kyker. “Sommige aanlyn, ander in gesinne bymekaar – maar niks het ons verhinder om te vier nie, want daar is vreugde in ons harte. Ons vier met lofprysing en aanbidding.”

Gurkan, ’n gereelde kyker sê: “Soms is mense so besig met Kersfees voorbereidings en allerlei vieringe dat daar nie tyd of plek vir Christus is nie. Maar hierdie jaar is alles anders. Ons het gesien dat die inperkings die geleentheid skep om opnuut op Christus te fokus.”

SAT-7 TÜRK se regstreekse uitsendings gee aan kykers die geleentheid om aktief deel te neem en eenheid met ander Christene te ervaar. Die Kersprogramme het Kersfees tradisies uit verskillende denominasies gewys en die diversiteit van die Christen gemeenskap in Turkye gevier.

“Ek is oortuig dat hierdie inperkings aan ons, as Christene en kerke, ’n nuwe waardering vir saamwees met gelowiges van verskillende tradisies en vieringe gee, iets wat ons so dikwels as vanselfsprekend aanvaar,” sê Gulsum. “Hierdie ongekende tye is ’n geleentheid vir ons om te besin oor ons Christen wees en die vreugde in Christus.”

- **Bid vir geïsoleerde Christen families, dat hulle die liefde van Christus en Sy teenwoordigheid ervaar.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hulle boodskappe lees:

MAHDAD VAN IRAN:

“Die koronavirus het my opnuut en met groter insig laat besef hoe geloof in Jesus Christus ons krag gee. Die virus het ons saamwees met vriende verhoed en beperk, maar saam met Christus is daar geen eensaamheid nie.”

FARIMAH VAN IRAN:

“Wanneer almal ontsteld is en vir my sê: ‘Ons het ’n koronavirus pandemie en jy is alleen, wat gaan jy doen?’ dan antwoord ek hulle ‘God is met my.’ Mag Hy met almal wees soos Hy met my is. As ons Hom met ons hele hart en siel liefhet, en die prys wat Hy vir ons betaal het aanvaar, kan ons op Hom as ons Here vertrou. Hy sal ons nooit verlaat nie. Ja, daar is storms, selfs vir ons as gelowiges; maar Hy is met ons!”

KYKER IN ARMENIË

“Die oorlog het my familie baie arm gemaak. Vra God om vrede en samewerking tussen Armenië en Azerbaidjan te bring.”

KYKER IN IRAN

“Ek is ’n nuwe gelowige en wil graag deel wees van ’n huiskerk en ander gelowiges. Bid dat gelowiges my sal vertrou om deel van hulle byeenkoms te word.”

KYKER IN AFGHANISTAN

“Hashtag gee jongmense hoop, veral nou dat almal tuis moet bly. Ek lei af dat God met ons is, enige tyd en plek. Help my om te verstaan.”



“MET VREUGDE VIER ONS DIE KONING VAN ALLE KONINGS”

Kersfeesvieringe gaan vanjaar vir baie van ons anders wees, nietemin het die rede waarom ons Kersfees vier nie verander nie. Laat ons soos Raham, en haar familie in Iran, die liefde van God, wat aan ons Sy Seun gegee het, met blydschap vier.

“Hierdie jaar vier ons Kersfees, die geboorte van Jesus Christus, onder die konstante bedreiging van vervolging.

My dogter, seun, man en ek sal Kersfees op ons eie vier, met Jesus, ons God. Ons verbly ons dat God na ons gekom het deur Sy Seun te stuur as ons Middelaar om ons te bevry van die slawerny van sonde. Ons Here het die volle straf van ons sonde gedra en Homself vir ons onthalwe gegee as offer sodat ons vrede, liefde, vergifnis en geloof mag ken. Ons verheerlik Christus, ons Here, en verheug ons in Hom, daarom is ons nie alleen in ons vieringe nie.

Jesus Christus kom weer – Hy is die God van liefde, die Brood van die Lewe. Sy Naam word verhef. Hy is die Seun van God, ons regverdige Regter en die Koning van konings.

Christus kom. Hy kom weer! Hy is met ons, en so, met vreugde en blydschap vier ons die Koning van konings.”

- Bid asb vir hulle wat vervolgd word ter wille van hulle geloof in Jesus Christus. Bid dat hulle in hierdie dae ’n besondere belewenis van God se teenwoordigheid en vertroosting sal ervaar.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hulle boodskappe lees:

KYKER IN ARMENIË:

“In die Armeense Kerk vier ons op 6 Januarie die geboorte van Christus. Daar is ’n kerkdienis die vorige aand, en aan die einde van die diens kry elkeen ’n kers. Met die brandende kers gaan ons na buite en vier die geboorte van Christus. Dan gaan ons huis toe, sonder om ons kerse te laat doodgaan! Ons doen alles in ons vermoë om te keer dat die lig van die kers uitgedoof word, en gebruik selfs klein lanterns vir die kers. Die simboliek hiervan is om die lig van Christus in ons huise in te dra. Dit is ook ’n geleentheid om die Goeie Nuus met mense op straat, wat nuuskierig is, te deel.”

SEPEHR VAN IRAN:

“Hemelse Vader, ek is so dankbaar dat U altyd met my is en dat U aan my krag, vrymoedigheid, liefde en deernis gee. Ek is oor niks bekommerd nie en vertrou op U. Ek probeer sover ek kan om aan U Woord gehoorsaam te wees en U seën my. Dankie, my Here. U het my bevry van veroordeling en my U vrede gegee. Dit is so onbeskryflik wanneer iemand U ontmoet – alle aardse dinge verloor hul waarde. Vader, U is vol liefde en genade vir my, en U aanvaar my met al my foute. Ek is so dankbaar teenoor U vir alles. Amen.”